# Leef saam

## HUISGELOOF

## WELKOM

Maak 'n paar voorwerpe bymekaar wat julle aan afgode of aan God se opdragte herinner. 'n R10-noot kan ons byvoorbeeld laat dink aan materialisme wat dikwels vir ons soos 'n afgod word. 'n Bybelvers op 'n boekmerk kan ons herinner aan God se opdrag om sy Woord te gehoorsaam.

Kies twee bakke om die gekose voorwerpe in te sit. Merk die een bak met die woord "afgode" en die ander bak met "God se opdragte". Sit die voorwerpe wat julle bymekaargemaak het in die toepaslike bakke.

Haal dan die voorwerpe een vir een uit die bakke en beantwoord die vrae hier onder.

Gesels saam:

- Waaraan herinner hierdie voorwerp jou?
- Hoe beïnvloed hierdie voorwerp jou lewe?

## WONDER

Lees 2 Koning 17:7-19 saam. Fokus op vers 15: "Hulle het sy vaste voorskrifte en sy verbond wat Hy met hulle voorouers gesluit het, verwerp, ja, sy bepalings waardeur Hy hulle gewaarsku het. *Hulle het agter nuttelose afgode aangeloop en self nutteloos geword*. Hulle het die nasies wat rondom hulle was, gevolg – nasies oor wie die Here hulle opdrag gegee het om nie soos hulle te maak nie."

Gesels saam:

- Wat het Israel verkeerd gedoen?
- Hoe het hulle ongehoorsaamheid hulle lewe beïnvloed?
- Hoekom jaag mense eerder afgode na as om na God te luister?

## WEES

Verdeel 'n groot stuk papier of karton in twee kolomme. Skryf "Wegdraai" bo-aan die een kolom. Gesels oor die dinge wat ons dikwels van God se pad af laat

wegdraai – ons eie afgode. Dit sluit dinge in soos materialisme, gewildheid, selfsug, magsug, en so meer. Skryf hierdie dinge onder “Wegdraai” neer of teken prentjies of simbole wat dit verteenwoordig.

Skryf dan “Terugdraai” bo-aan die ander kolom. Gesels oor God se opdragte soos naasteliefde, deernis en omgee. Skryf neer hoe julle opnuut op God se opdragte kan fokus, byvoorbeeld deur te bid, Bybel te lees of kerk toe te gaan. Julle kan ook prentjies of simbole teken om dit uit te beeld.

## WEGSTUUR

Kyk weer na al die voorwerpe in julle “afgode”-bak. Gee vir elke voorwerp ʼn ander doel wat julle eerder aan God se opdragte sal herinner. Die R10-noot kan byvoorbeeld eerder julle dankoffer verteenwoordig wat julle kerk toe kan neem om behoeftige mense te help.